Liewe Possie-ouers

Ons Kermis trek ‘n nuwe baadjie aan met die **Possie Pretdag** op **12 November**, propvol heerlike aktiwiteite vir die leerders!

- **Possies kan spel**
  Almal weet hoe slim ons Possies is, en spelwoorde is kinderspeletjies! Maak jou borgvorm propvol met mense wat wéét jy kan, leer jou spelwoorde en kom wys jou staal in die toets! Daar is ‘n prys op die spel vir die Possie met die grootste borgskap.

- **Mnr. en Mej. Possie**
  Ons kan nie nou die aap uit die mou laat nie, maar die gr.7s kan solank hul beste vere afstof!

- **Knip-vir-CANSA**
  Ons oorhandig al die poniesterte wat ingesamel is aan CANSA, en Possies kry die kans om vir Toktokkie te ontmoet. Kom verf jou hare @ R20 ten bate van CANSA.

- **Vrolike Vlaggies**
  Die rugbyveld verander in ‘n gholfsetperk, en die personeel se gholf-vernuf (of brouwerk) kan vir die Possies pryse in die sak bring! As daardie bal die naaste aan jou vlaggie gaan lê, kan jy vir jou ‘n prys van die tafel af kom kies. En hoe meer vlaggies jy op die veld het, hoe groter is jou kans!

  - Help ons om die prysetafel vol te maak deur ‘n prys te skenk waarvan jou kind sal hou en stuur dit solank skool toe in Oktober (sien prys-idees aangeheg). Pryse wat geskenk word sal toepaslik vir elke ouderdomsgroep toegeken word en elke graad sal ‘n gelyke aantal pryse kan wen.
  - Vlaggies te koop by jou onderwyser @ R10 vanaf 12 Oktober.

- **Possie Padkafee**
  Bestel solank vir jou kind ‘n burger en chips @ R50, of sommer ‘n paar dat jy ook nie hoef te kook nie! En geen Pretdag sal pret wees sonder soetgoed en koeldrank nie. Alles beskikbaar by ons Padkafee.

Dankie aan elke ouer wat ‘n verskil maak in Possieland.

Vriendelike groete.

Pretdag-komitee

VOLTOOI EN STUUR TERUG NA DIE REGISTERONDERWYSER

Kind se naam en van: _____

Graad: _____

EK SAL 'N PRYS VIR DIE VROLIKE VLAGGIES SKENK		Ja	Nee
Prys-idees: Balle (rugby, netbal, tennis) Sagte speelgoed Fliek geskenkbewysse Restaurant geskenkbewyse (bv Bob's peanut butter shack, Spur, Wimpy) Oulike skryfbehoeftes Fidget toys	Airpod kassies Mooi haarbykomstighede Waterbottels Bordspeletjies Legkaarte Nerf gewere Goedkoop krieketstel Speakers of oorfone		
Alle pryse moet teen 29 Oktober ingegee word.			

EK WIL VLAGGIES AANKOOP @ R10 ELK		Ja	Nee
AANTAL:	BEDRAG:		
Stuur die korrekte bedrag in 'n koevert saam met hierdie vorm – bestellings sluit 8 November.			

EK WIL HAMBURGERS & CHIPS BESTEL @ R50 ELK		Ja	Nee
AANTAL:	BEDRAG:		
Stuur die korrekte bedrag in 'n koevert saam met hierdie vorm – bestellings sluit 8 November.			

EK AS OUER KAN KOM HELP OP 12 NOVEMBER				Ja	Nee
Hulp word benodig met die uitdeel van die burgers en bemanning van die snoepie.					
Ouer se naam:					
Kontaknommer:					
08:00 – 09:00	09:00 – 10:00	10:00 – 11:00	11:00 – 12:00	12:00 – 13:00	